Privaatskool Elnatan

Possbus 69 Stampriet Tel +264 63 260079 Fax +264 63 260105
www.privaatskool-elnatan.com Email skoolhoof@elnatan.com

DIE PALMALARM **DIE PALMALARM** **DIE PALMALARM**

Omsendbrief nr. 9 **Waar elke kind belangrik is!!** **24 Junie 2011**

Geagte Ouers en Vriende

BELANGRIKE DATUMS

*__24 Junie 2011:__ N G Kerk basaar vind plaas in die boonste eetstaal. Kom ondersteun gerus – heerlike pannekoeke, koeke, terte en ander lekkernye sal te koop aangebied word.

*__25 Junie 2011:__ Laerskool sportdag gekanselleer.

*__27 Junie 2011:__ Tienerzone besoek skool.

Toegang: Leerlinge N$10.00 per kind
Toegang: Ouers N$50.00 per persoon
5 Elnatan leerlinge gaan ook optree en die hele skool gaan sing tydens hulle opname. Dit is vrywilliglik, maar ons sal graag die hele skool hier wil hê vir die TV-opname.

*__29 Junie 2011:__ ATKV Kultuuraand met Wayne Blaauw.

*__08 Julie 2011:__ __Geen skool vir Gr. 1 – 7__ a.g.v. sportdag.

BESOEKENDE TOERSPANNE - RUGBY

*Ons ontvang Hoërskool Outeniqua van George, met hul toergroep van 45 seuns vandag hier op Stampriet.

*Môre speel die volgende spanne tuis:
08:30 Elnatan 0.15A vs Outeniqua 0.15B
09:30 Elnatan II vs Outeniqua 0.15A

*Maandag, 27 Junie 2011, ontvang ons 'n 0.19 rugbytoergroep van Hoër Tegniese Skool Bellville.

*Om 15:00 speel Elnatan I teen hulle eerste span.

*Kom ondersteun gerus ons spanne. Ons wil graag spog met ons ouers en ondersteuners se Suide gasvryheid!

RUGBY

*Baie sterkte aan Marius van Niekerk, Danco Burger en Gerbus wat al reeds na Suid-Afrika vertrek het saam met die Namibiese 0.13 span.

*Gerbus is ook aangewys as kaptein van hierdie span!! Baie geluk Gerbus – ons kan sien jy het jou talente by jou pa geërf!

*Jandré Augustyn en Brendan du Plessis vertrek Maandag na Suid-Afrika saam met die Namibiese 0.16 groep. Sterkte manne en gaan hou Elnatan se naam hoog!

*Sterkte ook aan Hannes Dirsuwei wat saam met 0.18 Namibiese Akademie span na Suid-Afrika reis. Ons jou vir jou styf duimvas, Choppie!

NETBAL

*Drie van ons skool se netbaldogters is opgeneem in Namibiese ouderdomspanne.

*Corré Michau en Mienke van Rooyen is in die 0.12 span opgeneem en Izaan van Schalkwyk in die 0.15 span.

*Baie geluk julle 3! Ons is sommer baie trots op julle.

*Hulle het reeds vertrek na Rustenburg waar hulle deelneem.

DRAG VIR ONDERSTEUNERS

*Ek wil graag 'n vriendelike versoek rig dat ouers sal toesien dat leerlinge korrek geklee is wanneer hulle sportspanne gaan ondersteun tuis of weg.

*Ondersteuners: 1) 'n Blou of swart "jean", Elnatan oranje of blou ondersteunershemp met tekkies met sweetpakbaadjie/ blou windbrekerbaadjie. 2) Volledige Elnatan sweetpak met tekkies. 3) Volledige skooldrag.

*Spelers: Sportdrag of skooldrag soos voorgeskryf deur die onderskeie afrigters.

*Geen gekleurde veters (behalwe oranje) in tekkies asb!

*Baie dankie dat ek kan staatmaak op u samewerking in die verband.

ATKV KULTUURDAG EN -AAND

*Vind plaas op Woensdag, 29 Junie 2011.

*"Civvie" dag. Leerlinge moet volgens 'n tema aantrek.

*Tema is Alaska. (Asof jy bitterlik koud kry! Ja, Ysbeer is ook daar)

*Koste is N$2.00 per kind om gewone klere aan te trek.

*Die aand het ons gaskunstenaars wat gaan optree ….. Ons eie **WAYNE BLAAUW** en verskeie van ons skool se opkomende sangers en dansers gaan optree.

*Toegang: N$10.00 per kind en N$20.00 vir volwassenes

*Die aand se bywoning is ***vrywillig*** en studie sal normaal voortgaan vir diegene wat nie die aand wil bywoon nie.

*Fondse gaan aan Wayne vir sy uitgawes na die VSA.

FOTO'S PRIVAATSKOLENAWEEK

*Mnr. Abie van Wyk is op soek na foto's van die vorige Privaatskolenaweek wat Elnatan aangebied het.

*Indien u hom kan help daarmee, kan u hom skakel by 081 845 5221 of u kan dit epos na abie@elnatan.com

VERVOER BENODIG – KAN U DALK HELP?

*Die Senior Primêre Afdeling samel al 'n geruime tyd geld in om hulle afdeling te plavei en mooi te maak.

*Hulle benodig vervoer vir die plaveistene vanaf Supersand op Mariental na Elnatan.

*Indien u kan help of van iemand weet wat ons dalk kan help om die stene hier te kry sal ons baie dankbaar wees!!

*Kontak asseblief vir Ina Maritz by 0813670060 indien u kan help.

*Gelukkig het Elnatan sulke oulike ouers……. en kan hulle organiseer!! Juf. Ina, ek is seker jy gaan oorval word!

ADVERTENSIE – KANAAL 7

*Ons wil graag 'n promosie advertensie vir die skool doen op Kanaal 7.

*Dit behels 'n 5 minute promosietyd een keer per week vir 'n tydperk van 3 maande.

*Die koste beloop N$6 900.00 en daarvoor benodig ons asseblief 'n borg.

*Hierdie is 'n gulde geleentheid vir enige besigheid om hul diens te adverteer aangesien die besigheid se naam elke keer oor die radio genoem sal word.

*Verder wil ons baie graag 'n volblad kleuradvertensie van die skool in die Republikein plaas met prestasies en foto's van ons talentvolle kinders.

*Die hieraan verbonde beloop ±N$15 00.00 en ons benodig borge hiervoor om hierdie advertensie moontlik te maak.

*Die besighede wat die advertensie borg, sal natuurlik hier ook erkenning kry.

*Belangstellendes kan direk met my skakel by die skool of by 081 223 6955.

"SLEEPERS"

*Die skool benodig 3 hout "sleepers". Kan iemand ons dalk hiermee help?

*Verder wil ons begin om die tydelike paviljoene te herstel. Ons benodig planke 3m in lengte, 25cm breedte en 25mm in dikte.

*Indien u planke het wat rondlê, die skool sal dit handig kan benut of as u dalk 'n kontak het waar die skool dit teen 'n billike pryse kan bekom, sal dit baie waardeer word.

*U kan ook met my skakel in dié verband!

MAMMA'S-WAT-OMGEE GEBEDSGROEPIE

*Vergader elke Maandagoggend 7:00 by die skool.

God wil vir ons sê: "Laat staan nou maar eers die beheerding. By My is jou lewe veiliger as op enige ander plek!"

Anoniem

IETS OM OOR NA TE DINK!

@Om jou kind gehoorsaamheid te leer is 'n opdrag van God.

@Spreuke 13:24 sê: "Hy wat sy seun nie dissipline leer nie, het hom nie regtig lief nie. As hy hom liefhet sal, sal hy hom dissiplineer."

@Jou opvoedingstaak het 'n vervaldatum – en baie ouers sê ná die tyd dat dit ook vir hulle 'n geval was van te min, te laat.

@Jou opvoeding gaan bepáál of jou kind uiteindelik 'n goedtoegeruste, onafhanklike en volwasse mens gaan wees wat iets vir die samelewing beteken.

@Dit verg van ma én pa 'n gesonde balans tussen liefde en dissipline. Te veel liefde bederf, te veel dissipline maak bang.

@Met 'n gesonde balans tussen die voel 'n kind veilig om te waag en sy grense te verskuif!

Ek wil graag afsluit met hierdie wyse woorde van 'n ou tannie van 82 wat nog elke dag haar werf stoksielalleen skoonmaak. Sy sê: "Jong, kinders is van vleis gemaak en vleis bederf vinnig ……"

Baie groete

Hugo Vermeulen

SKOOLHOOF